# QPro Vark Groeimeel
V21651 (Wet 36 van 1947)


## Produkbeskrywing

QPro Vark Groeimeel word gevoer nadat die speenmeel onttrek word vanaf 56-dae-ouderdom. Hierdie produk is geformuleer om tydens hierdie fisiologiese fase van die jong, groeiende vark in nutriëntbehoeftes te voorsien in terme van kwaliteitproteïen en genoegsame energie vir optimale groei. Die produk bevat ook 'n gebalanseerde hoeveelheid vitamiene, minerale en spoor-elemente.

## Voeraanbeveling

Dit is belangrik om varke geleidelik gewoond te maak of aan te pas met enige oorskakeling van een voer na 'n ander. Dit verhoed dat voedingstres of weiering van voer voorkom en verhoed sodoende groeiverliese. Groeiende varke is baie sensitief vir dieetveranderinge en dus moet die kliënt geduldig en streng wees hiermee.

Voer varke teen 3-3,5% van liggaamsmassa. Sorg dat skoon water altyd beskikbaar is. Voer tot op bemarkingsmassa (60-70 kg).



Vir die **LIEFDE** vir jou

*Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587*

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid (nat basis) | g/kg |
|---|---|---|
| CP (min) | g/kg | 150 |
| Lisien (min) | g/kg | 8,5 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min) | g/kg | 25 |
| Ruvesel (maks) | g/kg | 80 |
| Ca (min/maks) | g/kg | 6/10 |
| P (min) | g/kg | 5 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*



## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.

## Waarskuwing

Hierdie produkte bevat geregistreerde medikamente en dus moet dit streng gevoer word soos voorgestel. Voerveranderinge kan lei tot swak groei. Voer dus hierdie gebalanseerde dieet volgens die voorskrifte.

# DIERE

Q-pro feeds